

20 MAART

SKRIFGEDEELTE: JEREMIA 7:1-28
FOKUSGEDEELTE: JEREMIA 7:16

Sonder heiligheid geen veiligheid

Ons is geneig om ons aanbidding Sondae in die erediens los te maak van ons lewe elke dag in die wêreld. Baie maklik dink ons ons kan aanspraak maak op God se genade en ontfermende liefde in Christus omdat ons van tyd tot tyd eredienste bywoon en ons bydrae gee. Ons lewenswyse elke dag tel dan nie eintlik nie.

Israel het so 'n lewenswyse gehad. God is nie hulle toevlug nie, maar die tempel is hulle wegkruipplek. Hulle leef onder die waan dat God nie sy tempel sal vernietig nie. Die tempel is 'n soort gelukbringer. Hulle kan maar leef soos hulle wil, die tempel bied geborgenheid. Hulle maak dus aanspraak op die veiligheid van die tempel, maar van bekering en heiliging van hulle lewe en denke is daar geen sprake nie. Diefstal, moord, egbreuk, meened en afgodery kenmerk die volk se lewenswyse. Hulle maak van die bedehuis 'n huis van moordenaars. Christus herinner die volk in Matteus 21:13 weer aan dié lewenswyse. God duld nie sulke misbruik van sy genade nie. Jeremia kry die opdrag om nie vir hulle te bid nie. Die volk wil nie hoor nie.

Dit is nie die tempel, my erediensbywoning, wat my toekoms waarborg nie. Daar bestaan geen veiligheid sonder heiligheid nie. 'n Heilige lewenswandel met God word deur Christus vir ons gewaarborg. Jesus Christus het dit vir ons moontlik gemaak om nou in 'n intieme verhouding met die lewende Verbondsgod te leef – elke dag. Deur die Heilige Gees is ons in staat om heilig en onberispelik te leef. Christus bid gedurigdeur vir ons dat ons geloof nie onder die druk en stryd van die lewe sal verflou nie. Luister weer na die opdrag in vers 23!

Sing: Psalm 34:5, 6

Ds Theuns de Klerk (Okahandja)